***Die hoofman kry`n uitleg***

**107** **Ek** sê: "Ek vind jou `n egte brawe man en vriend, en wat jy gesê het is, jammer genoeg, maar al te waar. As Ek `n mens sou wees van die soort soos wat die aardse mense is, dan sou Ek jou raad ook sonder meer opvolg, want in jou bors klop `n regskape mannehart, maar Ek is `n heel ander Mens en `n heel ander Wese as waarvoor jy My beskou! **Kyk, alle magte van hemele en van hierdie aarde moet My gehoorsaam**, en daarom het Ek niks te vrese nie. Die Skrif sal wel bitter en smartlik deur My vervul word, maar nie volgens die wil van hierdie wêreld nie, maar volgens die Wil van die Vader in die hemele, **wat nou egter in My is, soos wat Ek ewiglik in Hom is!** Maar ter wille daarvan sal Ek My Mag oor hemel en aarde nie die geringste inboet nie. Want as Ek dit sou wou, dan sou hierdie aarde in `n oogwink verander in `n nietige stoffie, saam met alles wat in en op haar is, asemhaal, leef en beweeg, **maar omdat My fondament 'behoud' heet, gebeur dit nie!**

[2] Dit kan gebeur dat Ek, uit ergernis en jaloerse afguns van die tempel, as opruier van die volk en as godslasteraar aangekla word, en vervolgens aan die dwarshout vasgenael word; maar dit alles sal My mag nie breek nie, **en tot aan die einde van hierdie wêreld nie die minste afbreuk doen aan My leer nie.**

[3] Met die verloop van die tyd sal die eintlike wêreldmense weliswaar van My leer grotendeels dieselfde maak wat die Egiptenare, Grieke en Romeine van die oerleer gemaak het wat Adam en sy eerste nakomelinge gekry het. Maar naas die afgodery sal daar **tog baie wees wat My leer en My mag net so rein sal bewaar en besit, net soos wat dit nou uit My mond kom**, en daardeur sal hulle ook steeds die mag hê en besit wat hulle deur die lewende geloof in My Woord tydelik en in die hiernamaals vir ewig verleen word! So is Ek dus Meester en vrees daarom geen ander meester en sy wette nie!"

[4] **Die hoofman** sê: "Vriend, dit is kort maar kragtig! In aanmerking geneem wat U hier gedoen het, sou ek byna glo dat U so iets sou kon, hoewel soortgelyke genesings – maar net nie so ontsettend op grootskaal nie – aan my nie heeltemal vreemd is nie. Dit is algemeen bekend dat buitengewone verskynsels op die liggaamlike en ook op die geestelike gesondheid van `n mens, na gelang van sy temperament, dikwels `n bepaalde wonderbaarlike invloed het. So het byvoorbeeld `n groot skrik al eens aan `n doofstomme die gehoor en die spraak teruggegee! Ek sou vir U oor `n aantal van sulke gevalle kan vertel - maar die tyd is te kort.

[5] Baie kortliks wil ek U daarmee slegs sê dat U geneeskunde, hoe buitengewoon dit ookal is en tot hoeveel dank dit ons ook verplig, my tog nie ten volle kan oortuig dat daarom elke ander mag van hemel en aarde U niks sou kon aandoen nie! Ek wil oor die moontlikheid nie met U twis nie - by Elohim moet alle dinge moontlik wees; maar vriend, daar is `n groot kloof tussen die moontlikheid en die werklikheid! As ek U beter sal leer ken, sal ek miskien ook vaster glo.

[6] Maar nou, goeie, beste vriend, vra ek U om my, miskien `n bietjie te aanmatigende taal, nie kwalik te neem nie, want ek het slegs gepraat soos wat ek dit verstaan, en nie uit `n kwade hart nie, maar beslis uit `n goeie hart! My ampsbesigheid roep my nou egter, en daaraan moet ek gehoor gee. Maar môre is ek die hele dag tot U diens!

[7] **Ek** sê: "As jy wil bly, kan jy ook bly, want jou werk is al in jou naam uitgevoer!"

[8] **Die hoofman** sê: "Dit het weliswaar al taamlik skemer geword, sonder die maan sou dit al nag wees; maar ek sal dadelik weer terug wees - ek moet eerstens nog self in die kamp wees om te sien of die nagwagte wel goed verdeel en opgestel is."

[9] Met hierdie woorde verlaat die hoofman gou die kamer en Ebahl prys hom as `n kommandant soos wat daar nie baie te vinde is nie, en dat die mense van Genésaret hulle baie geseënd mag prys om so `n goeie, ervare en in sy kring uiters verstandige leërowerste te hê!

[10] **Ek** sê: "Dit is hy verseker, tot groot skaamte van talle Judeërs wat Elohim se Woord en Elohim se gebooie het en waarvan die hele hart tog vol leuens en vol bedrog, vol twis, toorn, egbreuk en allerlei hoerery is. Daarom sal dit ook gebeur dat, soos wat Daniël getuig, die beloofde ryk van Dawid van die Judeërs afgeneem sal word en aan die heidene gegee sal word, en dat die nakomelinge van die seun van Hagar sal heers oor die nakomelinge van Isak, hoewel in hierdie tyd al die heil vir die hele wêreld afkomstig is van die stam van Juda."

[11] **Ebahl** sê: "Meester, U is as Verlosser beter as `n profeet! Ek kan nog steeds nie verstaan waarom die profete sonder uitsondering steeds maar iets slegs, en nooit wat goed is nie, voorspel het! Is dit nou nodig, of glo die profete slegs maar om op hierdie manier hul misterieuse aansien in stand te hou, deur die mense steeds maar straf van Elohim te voorspel?

[12] Goeie, geweldige Meester, uit wat U sê het dit vir my duidelik geword dat U, behalwe Wonderheiland, nog iets anders is, naamlik net so `n Profeet soos een van die vier groot profete, en dus sou U my gou

iets kan uitlê oor die vreemde aard van die profete! Soos wat ek reeds gesê het, vir my was die profete altyd `n raaisel gewees, en daarom sou ek graag van U iets meer oor hulle wou hoor!"

### *Verhouding van `n profeet tot Elohim en die mense*

**108** **Ek** sê: "`n Profeet is net so `n eenvoudige, met allerlei swakhede behepte, natuurlike mens soos jy, maar omdat hy `n goeie hart het, waarin nóg toorn nóg wraak, nóg afguns, nóg trots, nóg egbreuk en veelsoortige hoerery hulle kan nestel, suiwer die goddelike gees sy hart van die veelvoudige wêreldse ballast. **As die hart daarom so gereinig is, giet die goddelike gees `n hemelse lig in so `n hart uit.**

[2] Omdat die profeet duidelik onderskei dat dit `n hemelse lig is, wat haar altyd deur helder waarneembare woorde laat hoor, hoef hierdie profeet wat so geroep is, slegs maar met die stem van sy mond luid te praat wat hy in sy hart helder en duidelik hoor, en dan profeteer hy al profeties volmaak!

[3] Sodra dit nodig is, word die wil van die profeet deur Elohim aangespoor om tot diegene van die volk te praat, en vir die volk te doen wat hy in sy hart hoor - en dit noem mens dan `n egte profesie of voorspelling en hierdie is net so goed soos `n suiwer woord van Elohim, **soos wanneer Elohim Self in eie woorde tot die mense sou gespreek het.**

[4] Maar daarom is so `n profeet vir Elohim nie belangriker as enige ander mens wat hierdie gawe nie het nie. Want die profeet moet uit eie wil eweneens opvolg wat die Gees van Elohim deur sy hart en deur sy mond aan die mense gesê het. Anders kom die oordeel net so oor hom as oor elkeen wat die wil van Elohim hoor, maar nie opvolg nie - en vir `n profeet is dit dan erger as vir `n ander mens. As `n ander een, in die swakheid en die duisternis van sy siel, dit moeilik vind om te glo wat die profeet aan hom sê, dan sal sy oordeel minder swaar wees omdat hy nie kan glo wat die profeet aan hom gesê het nie. Maar vir die profeet self is daar geen verontskuldiging nie, en ook nie vir diegene wat geglo het en tog uit liefde vir die wêreld en haar skatte nie gedoen het wat die profeet beveel het nie.

[5] Tog sal die loon van `n profeet eenmaal groter wees as die van `n ander mens, want `n profeet het altyd sewemaal meer te dra as elke ander mens. Almal teen wie `n profeet gespreek het, word in die hiernamaals aan hom oorgedra, sowel die goeie as die slegte, en hulle sal in My Naam geoordeel word oor elke woord wat hy tevergeefs tot hulle gespreek het!

[6] Wie egter `n ware profeet in My Naam en in die Naam van die profeet self opneem en hom versorg en sy vriend is, sal eenmaal ook die loon van `n profeet ontvang. En wie `n profeet ondersteun, sodat sy swaar taak makliker word, sal ook die loon van `n profeet ontvang. Want in die hiernamaals sal die kneg van die profeet op gelyke hoogte naas die profeet staan, en sal eweneens die geeste oordeel wat aan die profeet oorgegee is, en vir altyd oor hulle heers, en aan sy ryk sal nooit `n einde kom nie!

[7] Wee egter diegene wat `n profeet verlaat ter wille van die wêreld, of hom selfs hier en daar êrens verdag maak! Wee nog meer die vervolgers van `n profeet, want hulle sal Elohim waarskynlik nooit sien nie! Maar wie die hand slaan aan `n profeet sal met die ewige vuur in die onderste hel bestraf word! Want die hart van `n profeet is van Elohim, en sy mond is van Elohim, en ook sy hande, voete, oë en ore! Waar `n profeet is, is Elohim ook, en daarom moet julle sy verblyfplek met diepe eerbied betree, want die plek waar hy staan is heilig. In die hart moet mens rekening daarmee hou, nie ter wille van die profeet nie, wat `n mens is, maar ter wille van Elohim, wat in die hart van die profeet praat en getuig.

[8] Die rede waarom `n egte profeet alleen maar oordele verkondig vir die wêreld, is heel eenvoudig omdat Elohim slegs dán `n profeet opwek, as hulle Elohim vergeet het en hulle in alle wêreldse ondeugde ondergedompel het!

[9] Sê My nou eers Ebahl, of jy nou die wese van `n egte profeet verstaan!"

[10] **Ebahl** sê: "Volkome, baie hooggeagte Meester! U is seker ook `n profeet!?"

[11] **Ek** sê: "Ek is geen profeet nie; want daar staan geskryf: 'In Galiléa sal geen profeet opstaan nie!' **Maar Ek is méér as `n profeet!** Want in My bors woon dieselfde Gees wat deur die mond van die profete gespreek het, en voortaan nog baie meer sal praat. Want by hulle, wat in die vervolg My Naam gelowig in hul harte sal dra, sal ook die Gees van die profesie woon! Verstaan jy dit?"

[12] **Ebahl** sê: "Majesteit en Meester! Dit lyk vir my dat geen enkele gewone mens so kan praat soos U nie! **Daar skuil iemand anders agter U, wat deur U kleed en U vel vir ons verborge is!"**